# Ditsobotla besig om ineen te stort - Provinsie neem oor!

**Vervolg van bladsy 1**

Onderlinge twis het ook daartoe aanleiding gegee dat geen aandag meer aan die infrastruktuur gegee is nie.

Items wat dringend aandag moet kry is die watersituasie (deur die Sakekamer en ander besighede weer aan die gang gekry), elektriese infrastruktuur (broodnodige kennis is verlore na die vorige eenheidbestuurder se bedanking en sedertdien is die hele stelsel nie op peil nie). EXCO het aanvaar dat Maquassi Hills en Ditsobotla Plaaslike Owerhede op die punt van ineenstorting verkeer en nie instaat is om dienste te lewer nie!

Volgens mnr Kgwele is die probleme te wyte aan 'n tekort aan kapasiteit en "mal-administration".

Die termyn van die huidige Burgermeester, Me Lesego Holele is gekenmerk deur faksie gevegte en is sy selfs uit die kussings gelig deur 'n "ander burgermeester" Mnr Molefe Witness Morutse en moes die ANC ingryp om haar weer in die stoel te kry!

Kommentaar is van die DA Leier in Ditsobotla mnr Hannes Fourie, aangevra en hy reageer as volg:

Artikel 139 (1) van die Grondwet maak voorsiening vir ingryping deur die uitvoerende provinsiale gesag wanneer 'n munisipaliteit 'n uitvoerende verpligting ingevolge wetgewing nie nakom nie of nie kan nakom nie en kan dit ingevolge artikel 139 (1) geskied deur 'n lasgewing waarin die versuim, en stappe vir regstelling vermeld word; en ingevolge artikel 139 (1) (b) die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die betrokke verpligting in die mate wat nodig is om:

(i) noodsaaklike nasionale standaarde te handhaaf of aan gevestigde minimum standaarde vir lewering van diens te voldoen;

(ii) te voorkom dat die Munisipale Raad onredelike stappe doen wat nadelig is vir die belange van 'n ander munisipaliteit of van die provinsie as geheel of;

(iii) ekonomiese eenheid te handhaaf.

Die proses geskied gewoonlik deur eers van 'n lasgewing ingevolge artikel 139 (1) (a) gebruik te maak voordat aanvaarding van verantwoordelikheid vir 'n verpligting ingevolge artikel 139 (1) (b) geskied. In beide gevalle moet duidelik geïdentifiseerde gebreke sowel as die regstellende optrede vermeld word en die vertoë van die Munisipale Raad oorweeg word.

Uit die optrede van die provinsiale uitvoerende gesag soos vermeld in die skrywe van die LUR van Plaaslike Regering en Tradisionele Sake gedateer 3 April 2013 aan die Ditsobotla Munisipaliteit blyk egter die volgende:

1. Die redes vermeld is vaag en sonder substansie en dui slegs op die klagtes van 'n faksie van die ANC wat deur die huidige burgermeester verteenwoordig word en het weinig indien enige met dienslewering en of die bereiking van die doelwitte vermeld in Art 139 te doen;

2. Dit blyk duidelik dat die huidige munisipale bestuurder geteiken word deur sy aanstelling en optrede te bevraagteken (waarskynlik omdat dit bekend is dat hy weier om 'n instrument van die burgermeester te wees en ook nie haar keuse as kandidaat was nie);

3. Dit blyk verder duidelik dat die raadslede wat die mosie van wantroue in die burgermeester en uitvoerende komitee ondersteun het, geteiken word;

4. Dat die proses om vertoë in te win geïgnoreer is en dat lasgewing ingevolge artikel 139 (1) (a) nie oorweeg is nie;

5. Dat die remedies vir regstelling geensins vermeld word anders as deur verwysing na die aanstelling van 'n Administrateur ondersteun deur deskundiges nie.

By ontleding van die werklike situasie en met verwysing na dienslewering in die Noordwes Provinsie word die versuim van Munisipaliteite soos die Ngaka Modiri Malema distriksmunisipaliteit om dienste te lewer met betrekking tot die voorsiening van water aan Lichtenburg en die gebreke wat dienslewering ernstig beïnvloed by Tswaing, Madibeng en ander munisipaliteite summier geïgnoreer en blyk dit dat die administrasieproses misbruik word om onderlinge faksiegevegte in die ANC te besleg. Indien die proses verder daarop gerig is om opposisie uit te skakel fouteer die regerende party aangesien die stem van die Demokratiese Alliansie as die amptelike opposisie in die Ditsobotla Munisipaliteit meer as ooit van tevore gehoor sal word.

Alhoewel enige poging om verbeterde dienslewering gesteun word sal die administrasieproses eers geloofwaardig wees indien bewys word dat 'n bevoegde administrateur aangestel word en dit nie die ANC-kaders is wat ontplooi of herontplooi word nie.

Die vraag wat voorts ontstaan is of die administrasieproses nie 'n poging van die regerende party is om skadebeheer te begin toepas met die oog op die 2014 verkiesing nie in welke geval daar ander munisipaliteite is wat waarskynlik ook dieselfde pad sal volg.

Die Vryheidsfront (Mnr vd Linde) het as volg kommentaar gelewer:

Die oorname vandie Ditsobotla Munisipaliteit se administrasie deur die Noordwes Provinsiale Regering word as onnodig beskou en as slegs 'n maklike uitkoms vir die ANC faksies wat nie ooreen kan stem nie. Weens hierdie binnegevegte in die ANC faksies word Ditsobotla geruïneer deur onnodige tyd en geld vermorsing op onbenullighede en noodsaaklike dienste bly agterweë.

Die redes vir hierdie voorgestelde oorname is vaag en word nie gerugsteun met die nodige feite nie. Wanadministrasie, swak besteding en selfverryking is alles rede hoekom ons water en elektrisiteits verskaffing in so 'n haglike toestand is, om nie eers van die paaie te praat nie.

Verbeterde dienslewering sal verwelkom word, maar 'n ordentlike, werkbare plan en 'n verbeterde administrasieproses, moet in plek gestel word met kundige beamptes. Niemand gaan enigsins baatvind as die Noordwes Provinsiale Regering bloot die administrasie van Ditsobotla Munisipaliteit oorneem nie.Daar is korrekte prosedures wat gevolg moet word voordat 'n munisipaliteit onder administrasie geplaas kan word. Die Premier van die Noordwes Provinsiale Regering moet eers met die betrokke Raad samesprekings voer, alvorens die administrasie kan voortgaan. Daar was 'n vergadering op kort kennisgewing belê, maar ongelukkig het die Premier glad nie opgedaag of selfs verskoning gemaak dat sy dit nie kon maak nie.


Pharmacy at SPAR

Oop elke dag, asook Saterdag, 08:00 - 20:00 saans.
Sondag en publieke vakansiedae oop van 09:00 - 13:00.
Kom loer in by ons vir al u voorskrifte - ons bedien al die mediese fondse.
Ons lewer af in en om Lichtenburg!

M.S.J. ELEKTRIES

Ons spesialiseer in herstelwerk en installering van alle elektriese toebehore, geysers, waterpompe, bedrading van huise en installering van kragopwekkers. Verkoeling, herstel van yskaste en koelkamers. Uitreiking van Elektriese sertifikate. Installering van "PRE PAID" meters.
Willem: 079 850 6161
Schalk: 082 680 2160

G & R Kombuise Inboukaste (Sedert 1994)

Andries Mareestr. 6, Industriëlegebied
Kantoor: 018 632 3696
Gert: 082 493 5036

* Kombuise, alle kaste vir huis en kantoor.
* Rekenaar ontwerp.
* Veneer en melamien borde, gesny volgens u mates

Herhaling van die vorige VOERKRAAL Fiasko ... of nie?



Vir inligting skakel:
Robbie Robinson 083 456 6500
Hans Nel 082 494 0197
Johan Bornman 074 217 2063


**NOTICE OF SCOPING AND ENVIRONMENTAL IMPACT REPORTING (S&EIR) PROCESS FOR THE PROPOSED MAREETSANE BATHO-BATHO SOLAR PV FACILITY NEAR MAREETSANE, NORTH WEST PROVINCE**

**INVITATION TO REGISTER AS AN INTERESTED AND AFFECTED PARTY AND COMMENT ON THE DRAFT SCOPING REPORT**

**SEF Ref No: 504744**
**DEA Ref No: 14/12/16/3/3/2/514**
**DEA NEAS Ref No: DEA/EIA/0001785/2013**

Notice is given in terms of Regulations published in Government Notice No. R.543 in Government Gazette No. 33306 18 June 2010, under Section 54(c)(i) of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No.107 of 1998), as amended (NEMA), that **Kgatelopele Private Equity and Venture Capital (Pty) Ltd** proposes to establish a 30 Mega Watt (MW) **Solar Photo Voltaic (PV) Facility** and associated powerlines which will evacuate electricity generated by the proposed facility to the National Grid in order to increase local electrical capacity for the Mareetsane Community. The proposed site is approximately 140 hectares (ha) in extent, located on Tribal Land Mareetsane Batho-Batho approximately 10 km south-west of the Batho-Batho Village within the jurisdiction of the Ratlou Local Municipality, Ngaka Modiri Molema District Municipality in the North West Province.

In terms of Government Notice No. R.543 of NEMA, read with Government Notice No. R.544 (Listing Notice No. 1: Activities 9, 10, 11, 18 and 22, Government Notice No. R.546 (Listing No. 3: Activities 4, 14 and 16) and Government Notice No. R.545 (Listing No. 2: Activities 1 and 15) of NEMA, a Scoping and Environmental Impact Reporting (S&EIR) Process is required in order to obtain an Environmental Authorisation (EA) from the Department of Environmental Affairs (DEA) for the above mentioned project.

In terms of Section 21 (c) and (i) of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) (NWA), the proposed Mareetsane Batho-Batho Solar PV Facility and associated powerlines may also require a Water Use License (WUL) for impeding or diverting the flow of water in a watercourse; and altering the beds, banks, course or characteristics of a watercourse. This is largely due to the existing watercourses and wetlands within and in close proximity to the proposed site.

The **Draft Scoping Report** for the abovementioned project is available for **public review and comment** from **Tuesday, 16 April 2013 to Tuesday, 28 May 2013** on SEF's website **(www.sefsa.co.za)** and at the **Mareetsane Tribal Office, 636 Zone 1, Batho-Batho, 2716.** Contact Chief G.G. Motshegare on Tel No: 072 630 6139. The report can be viewed from Mon - Fri (09h00 to 16h00) and on Sat (09h30 to 14h00).

Interested and/or affected parties who wish to participate by contributing comments on the Draft Scoping Report, or who would like to obtain more information, should please contact Mr Mandla Zuma of STRATEGIC ENVIRONMENTAL FOCUS (PTY) LTD via post: P.O. Box 74785, Lynnwood Ridge, 0040, or Tel: (012) 349 1307, Fax (012) 349 1229 or Email: mandla@sefsa.co.za **on or before 28 May 2013.**

S·E·F STRATEGIC ENVIRONMENTAL FOCUS

**DIE CVO KARNAVAL EN WIELE-FEES ORGANISEERDERS BEDANK GRAAG DIE VOLGENDE:**

- Elkeen wat 'n bydrae gelewer het en hard gewerk het.
- Senwes
- Henwil
- NWK
- Ltx Kantoormeubels
- Uitkyk Slaghuis
- Lichvaal Stereo
- Tollie Swanepoel
- Johan Conradie
- Ltx Toyota
- Wimpy Ltx
- Spur Ltx
- Lichtenburg Gastehuis
- Johan du Toit Motors
- Lichtenburg Motors
- Montenegro Agric
- Ria Conradie
- Supa Quick
- Herman Conradie
- Noordwester
- Al die motorfietsryers
- Al die ou motoruitstallers
- Alle ander uitstallers
- Marlette Lewis
- Annelize Fleetwood
- Al die graad 11 ouers
- OK Foods
- Minimark Spar Lichtenburg
- Neil Oosthuizen - Liggies Motors
- Wouter Hugo
- Shoprite Checkers

Baie, baie dankie ons waardeer dit baie.
Die dag was heerlik.